Die liefde van Christus

Ds. Willem Louw: NG Kerk Miederpark

Skrif Fil.3:8

1. Hoor God se wekroep

Ek het nou onlangs die voorreg gehad om ’n sendingkonferensie in Zambië by Kabwe by te woon. Dit was ’n belewenis om die onderlinge liefde van die Christene te ervaar. Daar was ongeveer 500 sendleiers van oor die wêreld byeen. Alles het in eenvoud en liefde geskied. Die byeenkoms was eenvoudig. Die toerusting was eenvoudig, die kos was eenvoudig, die musiekinstrumente eenvoudig. **Tog was God voelbaar teenwoordig!** Ons as besoekers het onderling spontaan gesê dit is soos herlewing!

Terwyl ek hierdie stukkie herlewing beleef het, het ek iets gehoor wat ek nooit gedink het in my leeftyd sal gebeur nie. (*Die konferensie het bykans 98% uit inheemse Afrikane bestaan.) Tydens die konferensie, het ’n Skotse leraar op die verhoog geklim en met trane in sy oë (met sy swaar geartikuleerde Skotse aksent), by die mense van Afrika gepleit om die evangelie asseblief na Skotland terug te bring! Dit is duidelik dat die evangelie in Europa besig is om uit te sterf. Dit het nou ook in Skotland begin gebeur. Daar waar eers kragtige herlewings was, het alles geestelik agteruit gegaan. Volgens hierdie spreker het die meeste gemeentes in Skotland hul geestelike krag verloor. Gemeentes het begin toemaak. Die wat bestaan oorleef net-net. Talle van die gemeentes het klein geword of die kerkies het leeg geloop.*

Ek het nooit gedink dat ek die dag sou beleef dat die plek waarvandaan die evangelie na Afrika gekom het, so vêr geestelik agteruit sal gaan dat hulle weer *pleit dat Afrika se mense die evangelie weer asseblief moet terugbring* nie! Afrika is voorwaar besig om dit te doen. (Tydens die konferensie het meer as dertig jong opgeleide sendelinge hulle opleidings sertifikate ontvang en is hulle uitgestuur as “sendelinge” van Jesus!

Ek het na die tyd met ’n ander Skot gesels. Sy naam was Andy. Ek het vir hom gevra om vir my te vertel hoe dit gekom het dat die kerk in Skotland so vinnig

geestelik dood gegaan het? *Hoe is dit moontlik? Hoe het dit begin?* Andy het vir my vertel:

- Aanvanklik was die Skotse gemeentes geestelik en evangelies sterk.
- Later was hulle gefokus op hul ortodokse leerstellings en op die beskerming van hul kerklike tradisie.
- Toe het kerkleiers al meer *oor teologiese vraagstukke begin redeneer*. Bv. Homoseksualisme, aborsie ens. Dit het mense verwar.
- Die mense het daarna gevoel die kerk dra niks meer by tot hul lewe nie. Die kerk verander nie meer die mense se lewens nie! Die kerke het toe geleidelik leeg begin raak, want Christus en die kerk, was nie meer relevant vir hul daaglikse lewens nie.
- So het die meerderheid kerke hul evangeliese krag verloor, gestagneer, of leeg geloop.

By die aanhoor van hierdie verhaal, het ek besef dat **dit klink soos die verhaal van die Kerk in Suid Afrika**. **Dit is asof ek in my geestesoog sien dat ons op dieselfde pad is.**

En tog daar sit ek in Zambië en beleef herlewing. Soveel passie en liefde en toewyding aan God was aangrypend. Wat doen die mense dan anders? Ek wou uitvind!

Ek het later daardie middag my gaan afsonder en op my bed in die kamer gesit en voor God gehuil. Ek het besef, die uurglas loop stadig maar seker leeg vir Miederpark gemeente, tensy daar 'n radikale ommekeer kom. Ek wil graag in die boodskap van vanoggend die antwoord aan u bring wat die Heilige Gees aan my gegee het.

Eers wil ek vra: Het u gesien hoe ons gemeente se eie kerkbywoning al minder en minder word? Eers het ons gedink die mense is weg. Toe maak ons 'n nog meer skokkende ontdekking. Die mense is hier maar kom al minder kerk toe. Hierdie lidmate loop selfs eers nie meer na ander kerke nie! Almal wat so leef het hul redes. Baie min van daardie redes sal egter vir God aanvaarbaar wees! ***(Lees Jes.43:22-25).*** Jy weet kerkbywoning, is 'n direkte weerspieëling van jou liefde en toewyding aan God.

Wat gaan jy en ek doen? Gaan ons soos miljoene in Europa ons rug op God draai?

- Ons het die afgelope tyd gebid vir herlewing, gepreek oor herlewing, programme aangepas, nog nuwe dinge probeer doen, musiek verander, goeie sprekers ingebring, nog kragtiger gepreek, ens. Elke lidmaat het boonop sy argumente en tragies gaan baie oor randsake. **Nie een van die dinge wat ons gedoen het, was die oplossing vir ons probleem nie**.

Terwyl ek daar in Kabwe op my bed sit het ek nagedink oor wat ek in Kabwe beleef, en myself afgevra wat gebeur hier? Waarom beleef hierdie mense herlewing? Waarom beleef ons dan nie herlewing in Miederpark nie? Wat is die oplossing? Ons doen tog baie meer!

- Geleidelik het die Here my oë oopgemaak en my geantwoord. **Dit was 'n baie eenvoudige antwoord.**
- Ek het die antwoord sigbaar rondom my gesien! **Die mense in Kabwe het God werklik lief gehad**! Hulle het vir God geleef! Hulle hele lewe het rondom God gedraai! In alles wat hulle gedoen het, was hul liefde vir God en mekaar sigbaar. Hulle sou enigiets opoffer ter wille van God!

Weet u, ons liefde vir God het so verflou dat dit glad nie met hierdie mense se passie en liefde vir God vergelyk kan word nie!

2. Die onoortreflikheid van God se liefde!

Daar in Kabwe het ek besef, ek en baie ander het my liefde vir God verloor. Ons dink ons het God lief, maar dit is nie ware liefde soos God dit bedoel het nie. Kyk wat sê Paulus. Lees in **Fil3:8** hoe lief hy God het. Hy sê: ***"ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus my Here, te ken, oortref alles in waarde. Terwille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry en een met Hom kan wees."***

- *Alle ander dinge begin hul waarde verloor as jou aandag by Jesus is. Sy prioriteit was Jesus. Sy kosbaarste skat was Jesus!*
- *Jy sorg dat jy Jesus persoonlik ken. Hierdie persoonlike ken en belewing van Jesus was vir Paulus die kosbaarste wat hy nog ooit gehad het. Dit oortref alles in waarde! Hy het daagliks intiem met Jesus omgegaan. Jesus geleef, gepraat, geslaap!*
- *Jy gee alle ander dinge prys ter wille van Jesus. (Jy kan jouself in vandag se standaarde indink as hy vandag geleef het, hoeveel besittings hy sou prysgegee het. Hoeveel luukse motors huise en weelde hy moes prysgee.* ***Sy leefstyl was eenvoudig, ongerieflik en opofferend terwille van Jesus se belange! Elke sent het hy vir Jesus aangewend****.* Paulus was bereid om

enigiets vir Jesus op te offer. **Hy was 100% gehoorsaam aan God.** As God iets vra sou hy dit dadelik doen!

- *Hy beskou alle ander dinge as verwerplik (Griekse woord verwys na honde braaksel: as drek, as uitwerpsel).* ***Let op hoe het sy prioriteite verskuif! Hy het elke dag elke oomblik net vir God geleef!*** *Die ander werksaanbiedinge, aanloklikhede van die wêreld, aansien, status, ens. het hy verwerp!*
- *Jy word een met Jesus*. Dus begin dink, en voel jy dieselfde as Jesus oor dinge om jou. Jou gedagtes en optrede word soos God se gedagtes en optrede. Want jy word een met God. Jou hoogste doel is om verenig met God te lewe!

Het jy God lief? Ek en jy sê maklik ons het God lief. Verstaan ons wat ware liefde vir God is?

Wat is Satan se taktiek:

Terwyl ek daar in Kabwe so besig was om oor die herlewing na te dink, het ek **begin besef wat Satan besig is om te doen. Hy het 'n simpel strategie om die Kerk en die gelowiges te verwoes.** Dit gebeur so geleidelik dat almal dit aanvaar en so begin leef!

- Ek het begin verstaan waarom ons nie geestelike herlewing beleef nie. **Satan doen net een eenvoudige ding in ons lewe en alles gaan tot niet.** Wat is dit wat hy doen?
- **Hy kom steel jou en my liefde vir God uit ons hart. Hy kom blus ons brandende liefde vir God,** en alles gaan geleidelik tot niet. Letterlik alles gaan tot niet as dit gebeur!

Voorbeeld:

- Terwyl ek daar in Kabwe op die bed sit en nadink oor die dinge, het daar 'n beeld in my gedagtes opgekom. **As 'n bokkie** in die veld hardloop en jy sou jou hand in sy liggaam kon steek en **sy hart uithaal, gaan daardie bokkie dood.** Al is die hele bok nog in plek. Al is daar geen wond nie en die liggaam heel. **Sonder sy hart sal die bokkie heeltemal sterf.** *Let op:*
- As 'n huwelik verbrokkel kan jy maar gaan kyk, God se liefde staan nie meer sentraal in daardie verhouding nie. Almal veg vir hul eie belange.
- As 'n kerkraad, gemeentebestuur of leraars nie meer oor die weg kom nie, kan jy maar gaan kyk. Jesus is nie meer hulle alles nie. Hulle het God nie meer so lief dat Hy hulle kosbaarste is nie! Dit gaan oor hulle self.

<u>As ons God nie oorweldigend lief het nie, kom alle ander wiele af!</u> Ons kan die Bybel ken, oor Jesus praat, kursusse en kampe bywoon tot ons blou is, selfs Bybel lees en bid en vas! **As jy God nie met 'n passievolle liefde liefhet en Hom bo alles stel nie, gaan alle ander dinge tot niet!**

- Jesus sê in ***Mt.10:37 "Hy wat sy pa of ma liewer het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie; hy wat sy seun of dogter liewer het as vir my, is nie werd om aan My te behoort nie."***
- Geen wonder dat Jesus Mt22:37-38 as die samevatting van die hele Bybel beskou het nie. Hy sê <u>prioriteit een is:</u> ***"Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en eerste gebod."*** *(God liefhê met al jou energie, al jou emosies, al jou verstandelike kennis).* Dit beteken jy moet God liewer hê as jou man, vroue. Kinders, boetie, sussie, vriende, werk, geld, besittings, sport ens. <u>Die tweede prioriteit</u> wat hieruit sal voortvloei is: "**Jy moet jou naaste liefhê soos jouself"**. Jy sien, as jou verhouding met God reg is sal jy ook oor die weg kom met alle ander mense! Klink simpel nè?

- **<u>Alexander Strauch</u>** <u>skryf in sy boekie "leading with love" die volgende:</u> *"When leaders lose their love, it will not be very long before the people do. So leaders must first guard their own love relationship with the lord Jesus Christ in order to protect the church from loss of love. There is no substitute for wholehearted, growing love for the lord Jesus Christ. It is our first and most fundamental duty. The Ephesian believers thought their doctrinal orthodoxy was sufficient. But it was not. If we do not actively protect and cultivate our love for God and Christ, all other loves wane: Our love for fellow Christians, our love for the needy, our love for the lost, and our love for the truth."*
- <u>Die Gees van God wil in hierdie laat uur van ons geestelike agteruitgang 'n wekroep tot ons in hierdie gemeente rig</u>. "**Plaas God weer in die sentrum van jou lewe. Maak God weer jou eerste liefde!"** en jy sal verbaas wees hoeveel ander dinge vanself regkom!

3. Die motiveringskrag van liefde

Paulus is so oorweldig deur God se liefde dat hy 'n soort dryfkrag in sy lewe ervaar wat bo-natuurlik is. Kom ons sê: "Hy is gelanseer in 'n ander wentelbaan. Hy hardloop op hoë oktaan! Hoekom? Hy leef in God se liefdeskrag. <u>Hy is soos 'n atleet met een doel voor oë op die renbaan.</u> Luister wat skryf hy:

- **2Kor.5:14-15** ***"Die liefde van Christus dwing ons, omdat ons tot die insig gekom het dat een vir almal gesterf het, en dit beteken dat almal gesterwe het. En Hy het vir almal gesterwe sodat die wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is."*** *Let op:*
    - Die liefde van Jesus dwing my om dinge te doen wat ek nog nooit voorheen sou doen nie.
    - Ek sterf aan myself. My ou sondige manier van lewe sterf. My ou persoonlikheid sterf en ek word 'n nuwe mens in Christus! Ek lewe nie meer vir myself nie! Ek lewe nou vir God alleen!

Voorbeeld:

Ek luister na **die getuienis van hierdie passie volle gelowiges in 'n klein 'n arm gemeentetjie in Zambië**. Hulle wou baie graag 'n sendeling na Chad wou uitstuur. Hulle moes (ek dink) $4000 bymekaar maak. Eers het hulle al hul spaargeld gebruik. Daarna hul ekstra klere verkoop. Daarna gevas en hul etes se geld gespaar. Na alle pogings, het hulle nog steeds te min geld gehad en kon hulle nie die vliegtuigkaartjies bekostig nie. Die twee lidmate van sie gemeente het toe gesê hulle gaan beslis nie wag nie, dan stap hulle maar van Zambië na Chad! (Die afstand vanaf Kabwe na Chad is byna sover soos van Malawië tot in die Kaap.) Hulle het dit gedoen! Hulle het gestap! Die betrokke sendeling is nou reeds sewe jaar in Chad werksaam. Ek het hom daar ontmoet. Sien Foto

Wat het die gemeentelede gemotiveer om hierdie opofferinge te maak? Hulle was oorweldig deur Jesus se liefde vir hulle. Die liefde van Jesus het hulle gedwing: Hulle wou graag ook die evangelie aan die mense in Chad bring wat in ellendige omstandighede lewe.

Wat leer ek en jy vandag hieruit? Ons sal dringend 'n paradigma skuif moet maak. Die kerk (ek en jy) kan nie langer net oor Jesus "praat" nie. Ons praat en praat en niks gebeur nie. **Die kerk (ek en jy) moet Jesus "leef"!** Ek en jy moet elke dag tussen die mense van hierdie wêreld leef en hulle bedien in liefde soos Jesus dit sou doen! Praat alleen maak die kerk dood. Mense wil Jesus sien en beleef

- Jesus het ons die opdrag gegee in ***Joh13:14-15 "As Ek dan wat julle Here en leermeester is julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was. Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen."***

Voorbeeld: ***Die verhaal word vertel van 'n seuntjie*** *wat in die strate van 'n agterbuurt gewoon het en tot bekering gekom het. Sy hele lewe het verander en*

sy ouers was saam opgewonde. Op ’n dag stap hy by ’n vrou verby wat besig is om die vuilgoed op die sypaadjie op te vee in ’n houer. Hy het haar staan en dophou. Toe vra hy. “Wat noem tannie daardie bak waarin die vuilgoed opgevee word,” vra hy.”Dis ’n skoppie”, antwoord sy. Terug by die huis het die seuntjie vir sy “aanneem ma” gesê: “Mamma ek wil my naam laat verander. Ek wil my naam laat verander na skoppie!” Wys skoppie My kind hoekom? Weet jy wat skoppie beteken? Weet jy wat ’n skoppie is? Dis ’n simpel ding!” “Nee, mamma, ek weet wat dit is. ***Ek wil ’n skoppie vir Jesus wees!*** *Ek wil oral deur Jesus gebruik word en mense help!” (vgl.1Joh.2:6)*

4. Die sensitiwiteit van God se liefde

As alles wat ons by ons huis, werk of gemeente doen, uit liefde gedoen word, sal ons lewe ’n plesier vir Vader wees. Ons sal soos wierook vir Vader wees en ’n lieflike geur versprei oral waar ons kom!

- ***2Kor.2:15 “Ons is die wierook wat deur Christus vir God gebrand word, waarvan die geur die bereik wat gered word, sowel as die wat verlore gaan.”***

Dan sal ons ook sag en sensitief soos Vader met ons mense omgaan. Paulus skryf aan die Korintiërs:

- ***“in alles laat ons, ons ken as dienaars van God. Dit doen ons met baie geduld… Ons het onberispelik opgetree, met begrip, met verdraagsaamheid en vriendelikheid. Dit alles het ons gedoen deur die Heilige Gees, deur opregte liefde…” (2Kor.6:4-6)***

As jy regtig lief is vir God, sal jy so sensitief wees om soos wierook die aangename geur van Jesus in jou huis en werkplek te wees. Jy sal so graag presies soos Jesus wil optree en leef. Jy sal niemand wil seermaak nie, niemand te na wil kom nie.

- **Ware liefde maak nie ander mense seer nie, is geduldig met mekaar, is bereid om onreg te verdra.** Om God se gelowige kinders te ontwikkel en te begelei is nie altyd maklik en lekker nie.
- Ware liefde is bereid om die seerkry en die kritiek en die onreg en die wonde, wat “kerkmense” jou toedien, van wie jy dit nie verwag nie, te verdra! Waarom? **Sodat God kan terugkom en herleef in die mense van Sy Kerk**. *Paulus het dit gedemonstreer*.

Weet jy, jy kan briljant wees in jou werk, maar as Jesus Christus nie jou eerste liefde is nie, sal jou lewe nie Geesvervuld en deur God geïnspireerd wees nie.

- Die sukses van jou werk of die sukses van jou beroep, of die sukses van jou insette hier in die gemeente, verskaf nie vir Vader ’n aangename plesier of geur

nie. Slegs daardie dienslewering van jou wat uit liefde vir God gebore is, is vir God aangenaam en aanvaarbaar. 1Kor.13:1-3 sê as ek nie ware liefde vir God het nie is al my ander dade soos ’n galmende simbaal. Leeg en betekenisloos.

- Mense wat iets vir mekaar doen, maar knorrig is en dit eintlik nie wil doen nie, verraai dat daardie dade nie opreg uit die hart kom nie.
- **Lichthart sê:** ***“Die vermoë om te help, volg altyd wanneer mens werklik begin liefhê”***

Dit is nie leerstellings of tradisies, of musiek, of strukture, of programme wat mense na God trek nie. Dit is net God se liefde, wat mense nader na Hom en sy Kerk trek. Mense het ’n behoefte aan God se liefde. Hulle stroom na die plekke waar hulle God se liefde ervaar.

- *Voorbeeld:* **Amy Carmichael**, was ’n sendeling onder die Hindoes. Sy het liefde uitgeleef. ***Sy het God ontsaglik lief gehad*** en haar medemense om haar het die oorvloei van God se liefde beleef. *Die liefde van God wat in haar was, was so kragtig dat dit ’n geestelike krag om haar uitgestraal het wat amper soos ’n magneetveld, ander mense onwillekeurig na haar aangetrek het!* Dit was geen wonder dat die Hindoes haar die “***kinder vangende vroutjie***” genoem het nie! Hulle het werklik geglo dat sy een of ander misterieuse poeier gebruik wat hul kinders bedwelm het en na haar toe aangetrek het! Die kinders het in strome na haar toe gekom en wou net altyd by haar wees!

5. Liefde kan weer aangeblaas word

Toe ek daardie middag in Kabwe op my bed sit, bewus van die herlewing wat om my plaasvind, het ek **hierdie intense begeerte gehad om ook deel te word van hierdie belewing van God.** Ek kon sien dat hierdie mense God so lief het dat elke faset van hul lewe dit toon. Ek het met trane vir God gevra om my ook hierdie liefde vir Hom te gee. Ek het gewonder hoe kan ek dit kan verkry?

- ***In Opb.2:4-5*** *sê God se Woord****: Maar Ek het dit teen julle: julle het My nie meer so lief soos in die begin nie. Dink daaraan hoe ver julle al agteruit gegaan het. Bekeer julle en doen weer wat julle aan die begin gedoen het. Anders, as julle, julle nie bekeer nie, kom Ek na julle toe en sal Ek julle lamp van sy plek af wegvat!”***

Ek het besef, ek mis God se herlewing omdat my liefde vir Hom so afgestomp geraak het. Dit is ’n sonde wat ek moes bely.

Weet u, mens dink jy het God lief omdat jy elke dag Bybel lees en bid. Tog is dit nie waar nie. Maak asb. seker dat jy nie godsdiens speel nie.

God dank, ons liefde vir Hom kan deur die Gees herleef. Dit kan aangeblaas word en weer aangesteek word soos wat mens ’n vuur aanblaas en met klein houtjies stook totdat jou liefde vir God soos ’n groot vuur brand!”

Hoe lyk jou liefde vir God? Die Bybel sê jou liefde vir God lyk soos jou liefde vir jou medemens lyk…

- *Voorbeeld:* Ek lees van ’n jong bekeerling wat op die sendingveld uit die heidendom tot bekering gekom het. Sy het haar rug op die ekstremistiese Islam godsdiens gedraai en dapper die Christendom gekies. Sy het besef haar lewe was in gevaar. Sy het geweet selfs haar familie en vriende kan haar doodmaak. Sy het na haar nuwe Christenvriende in haar selgroepie gegaan. ***Sy het voor die sendeling en Christene in haar nuutgevonde selgroepie kom staan en hulle in die oë gekyk terwyl sy vra:*** *“Verstaan ek julle liefde reg? Sal julle my beskerm? Sal julle bereid wees om in my plek te sterf?”* Sy het met geloof en verwagting in hul oë bly kyk. Daar het ’n ongemaklike stilte oor die vertrek gedaal. Die sendeling het gekug. Hy het diep nagedink en ’n slim antwoord gegee om uit hierdie moeilike situasie te kom. Hy het gesê: “Ons sal eers daaroor moet gaan bid.”
- Jesus sê in ***Joh.13:34-35 “Ek gee julle ’n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê. As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.”***
- Christen vriende, hoe lyk ons liefde vir mekaar?
- Jy kan redeneer tot jy blou word, maar as ek en jy nog mekaar doelbewus aanvat en seermaak, is ons liefde vir Jesus so vlak soos ’n piering water, want dan gaan alles maar nog oor myself.
- **As ek en jy so optree moet ons nie verbaas wees dat die wêreld nie vir Jesus in ons lewe kan sien nie! Ons moet ook nie verbaas wees as ons dan nie ‘n liefdesherlewing vir God onder mekaar mis nie.** *Jesus sê doodgewoon:* ***“As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.” (Joh.13:34-35).***
- *Maar let op na:* ***1Joh.4:12 “Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar lief het, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik”*** Kyk mooi na die inhoud van die vers! Wanneer sien mense God in ons lewe raak? As ons mekaar liefhet! (Ek kon nou verstaan waarom ek God in die mense van Kabwe gesien het).
- **Ware liefde wat uit God gebore is, is nie jaloers nie, en nie liggeraak nie**. Wanneer ware liefde iemand sien presteer of iemand eer sien ontvang, is

die liefde bly! Broederlike liefde juig oor ander se prestasies, talente en gawes. Liefde is verheug as die ander een meer eer kry as ek!

- **Ware liefde spog nie, is nie vol van homself nie, praat ook nie eers oor sy eie prestasies nie.** Maar ware liefde roem oor Jesus.
- *<u>Voorbeeld</u>: 'n jong sendeling sit in 'n trein en beland toevallig langs die bekend prediker Billy Graham wat miljoene mens bereik het. Die hele pad vra Billy Graham die jong man uit oor sy bediening en stel hy opreg belang en prys hy die jongman. Die jongman het veral opgelet dat Billy Graham glad nie oor homself gepraat het nie. Hy vra toe die groot prediker: Vertel my meer van u. Waarvoor kan ek vir u bid? Billy Graham het geantwoord: "Pray that I will be a humble man…"*
- **Jaloerse mense trek mekaar na onder en vernietig mekaar. Liefdevolle mense bou mekaar op!**

Vraag: Hoe kan jou liefde vir Jesus groei?
Ek het daar op my bed gesit in Kabwe en gevra Here leer my hoe om te groei in my liefde vir U.
My Bybel het oopgelê by ***Exo. 33:13*** waar Moses vir God sê: "***As U my goedgesind is, maak my U wil bekend, sodat ek U kan leer ken en kan doen wat U verwag…"***

As jy God in die Bybel werklik leer ken, as jy weer **besef hoe groot en almagtig Hy is**(Num14:11). **Hoe Heilig Hy is**(Lev.10:1-3). As jy besef hoe ernstig God begeer dat Ek en jy **100% toegewyd aan Hom moet leef**(Deut.4:24), sal jy verstaan wat 'n patetiese beeld ons lewe van God se liefde weerspieël.
Herlewing begin wanneer jou liefde vir God herleef!

- Johannes sê: ***"Hy moet meer word en ek minder." Joh.3:30***.

Ek wil graag vir Jesus liefhê soos Hy my liefhet!

Ek wil jou aanmoedig om die komende week jou te gaan afsonder voor God, om 'n nuwe toewyding aan God te maak. Ons leraars gaan dit ook doen deur te vas en te bid.

Kom ons neem vanoggend 'n wils besluit om God weer van vooraf te leer liefkry.

Amen.